DIE HEILIGE GEES OORTUIG VAN SONDE

JOH 16:1-15

INLEIDING

Die **HJ** het gekom om ons van ons sonde te verlos. Die **HG** het gekom om ons te oortuig dat ons vir Jesus as Verlosser *nodig* het. Dit *begin* waar Hy **bewys** dat ons skuldig is aan sonde. Hoekom anders sal ons 'n Verlosser nodig hê?

1. DIT IS EEN VAN SY BAIE TAKE

Ek lees in die **Millenniumbybe**l dat omtrent net een uit elke tien mense in die Bybelse tyd behoorlik in die wette van die samelewing onderlê was. Die ander se ouers kon dit nie bekostig om hulle te laat leer nie. Dit het natuurlik daartoe gelei dat die rykes die armes kon uitbuit. Om dit teen te werk, was daar 'n reëling dat die arm man 'n **weldoener** uit die hoë klasse van die samelewing kon kry. Hierdie belangrike persoon het dan die arm persoon geleer wat van hom verwag word, het hom ondersteun en het selfs in hofsake vir hom ingestaan. So 'n spesiale helper het in die destydse samelewing as **parakleet** bekend gestaan.

Dit is dieselfde naam wat vir die HG gebruik word: **Parakletos**. Dit is moeilik om dit met een woord te vertaal. Die VV het dit met *Trooster* vertaal. Die huidige gebruik die woord *Voorspraak.* In die Engels kan jy enige van die volgende woorde gebruik: *Comforter, Advocate,, Helper, Counsellor, Intercessor, Strengthener, Standby*. Dit alles is van Hom waar. Hy is dit *alles-in-een*! Is dit nie wonderlik om so Iemand aan jou sy te mag hê nie?! Om dag-en-nag tot Hom toegang te hê nie!
Jesus vertel die dissipels van die HG wat in Sy plek sal kom en wat Hy alles gaan kom doen. Een van sy take sal wees "*om te bewys dat die wrld skuldig is aan sonde*." (:8) Dis deel van sy "Advokate-rol". Die VV het die woord "oortuig" gebruik: Hy sal die wrld "oortuig" van sonde – "convict" in Engels.

2. WAAROM <u>HY</u> MENSE MOET OORTUIG

Waarom moet juis HY dit doen?
**Dit is nie so 'n maklike taak nie**. Vlgs die Bybel is *alle* mense sondaars (Rom 3:23). Maar nie alle mense **stem saam** nie. Hulle sê dis 'n hopeloos *te negatiewe* siening van die mens. Filosowe soos Jean J Rousseau het beweer dat die mens *basies goed* is. Dis ook hoedat die **New Age** aanhangers die mens beskou. Jy moet net die mens kans gee om *homself* te wees en hom *beskerm* teen verkeerde invloede van buite.

Ander mense sal die Bybel gelyk gee, maar hulle **nie veel daaraan steur** nie. Ons is mos nou maar almal sondaars! Waarom nou skuldig voel? *"I'm not OK, you're not OK, so what"?* Die sondebesef wat daar tog nog is, is dus in baie gevalle ook maar baie **oppervlakkig**. Dis soos 'n man wat vir sy vrou sê hy is jammer, maar intussen gaan hy aan met die affair. Hoeveel keer **vra ons** nie vergiffenis sonder om dit regtig te bedoel nie? Sonder dat ons eers berou het nie?
En dan is daar ook baie mense wat dit glad **nie wil hoor** dat HULLE sondaars is nie. So in die algemeen kan dit nog gaan, maar moenie te *persoonlik* raak nie, dan is hulle baie gou op hulle perdjie!
<u>Daarom is 'n Advokaat soos die HG nodig.</u>

Mense **erken nie graag** hulle was verkeerd nie. Wanneer laas het jy en ek *opreg jammer* gesê? Ons is te trots. So wat doen ons?
* Ons **ontken** dit was ons. Ons lieg ook nog boonop. Daardeur maak ons ons skuld *nog meer*.
* Of ons **soek verskonings**. Ons sê bv *"Almal doen dit."*
* Of ons **pak die skuld** op ander – vriende, ouers, die regering, die vreemdelinge, die media, die duiwel, **die kerk** ("ek woon nie die eredienste by nie of gee nie 'n bydrae nie, want kerkmense het dit of dat gedoen of hulle is sus of so"). Selfs **God** word tot sondebok gemaak. Adam sê dit was Eva, Eva gee die slang die skuld…
* In ander gevalle probeer ons ons verkeerde optrede **regverdig.** Ons gee allerlei redes waarom dit **nie so erg** is om bv te kul met jou versekeringseis of belasting nie *("Hulle wanbestee tog net die belastingbetaler se geld.")*
* Party word **kwaad** en raak aggressief, antwoord met 'n hele reeks beskuldigings om hul eie skuld te verdoesel.
* Party maak 'n **grap** van hul sonde, of maak dit af as *'n mistykie*.
* Of ons **stuur** liewer die gesprek of ons gedagtes in 'n ander rigting, sit die **musiek** harder, **ontvlug** in 'n TV speletjie of program.
* Om van die wat na **drank of dwelms** gryp om hul gewete te stil nie eens te praat nie…
<u>Dit kos 'n Advokaat soos die HG om mense van hul sonde te oortuig</u>! Hoe doen Hy dit?

3. <u>HOEDAT</u> HY MENSE OORTUIG

Die woord wat in Afr met "bewys" of "oortuig" vertaal is, het ook die betekenis van om te *"ontmasker*" – soos wat **Natan** Dawid se oortreding met Batseba en Uria *ontmasker* het. **Kain** wou hom nog onskuldig voordoen, maar God het hom ontmasker as 'n broedermoordenaar. Ja, soos wat Jesus met die **skynheilige fariseërs** gedoen het, haal Hy ons sg **ordentlike maskers** af. Hy laat ons ons **sonde** sien vir wat dit **werklik is**:

*opstand* teen God, *vertrapping* van sy gebooie onder ons voete, om ons *rug* op Hom te draai, om in *vyandskap* met Hom te lewe, om te *hoereer*. Hy laat ons insien dat **sonde nie net** die verkeerde dinge is wat ons **doen** nie, maar ook wat ons **dink,** wat ons **sê**. Dat dit ook te doen het met ons gesindhede en **motiewe**. Paulus skryf dat die Here op die Oordeelsdag die **bedoelings** van die hart sal blootlê (1 Kor 4:5): Wat het *agter* ons goeie dade en gebede gesit – was dit liefde of selfsug? Die HG leer ons dat daar ook so iets is as die sonde van **versuim**, want Hy/sy wat weet om goed te doen en dit nie doen nie, doen sonde. (Jak 4:17)

**Hoe gaan Hy te werk?** Hy **herinner** ons aan die woorde en voorbeeld van die HJ. Hy herinner, **leer en verduidelik** vir ons wat in God se Woord staan. Daar kry ons nie net die *Tien Gebooie* en die Bergrede nie, maar kry ons ook *lewensverhale* en die *gesk van Israel*, die volk van God. Die sondes van geloofshelde soos Abr en Moses en Dawid word nie verswyg nie, juis sodat ons sal besef: ALLE mens is sondaars! Ek moenie dink ek is 'n **uitsondering** nie.

Die HG **kan ook** mense, preke, flieks soos die Jesufilm of opvoerings soos die Passiespele en goeie of slegte gebeure gebruik om mense van sonde te oortuig. Met al die **wreedhede en skelmstreke** wat in die wrld gebeur, hoe kan iemand nog glo dat die mens basies goed is?

Dan **sien ons ons lewe** nie meer in **vergelyking** met *ander* s'n nie, of teenoor die standaarde wat onsself of die wrld stel nie, maar ons sien dit **in God se lig**, teenoor SY karakter en verwagtings. "*Wees heilig, want Ek is heilig."* (1 Pet 1:16)

Dis dan wat 'n Dawid uitroep: *"... my ongeregtighede het my ingehaal ... Hulle is meer as die hare op my kop..."* (Ps 40:13); en *"Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in U oë."* (Ps 51:6)

Die HG herinner ons ook aan die **gevolge van die sonde**. Omdat God **regverdig** is, kan Hy dit nie ongestraf laat bly nie. Die **eerste mensepaar** was al gewaarsku. *"Die loon wat die sonde gee, is die dood..."* (Rom 6:23) – die verderf, die ewige verdoemenis, weg van God en sy genade af. Die HG herinner ons daaraan nie om mense die **skrik op die lyf** te jaag of omdat Hy wil hê dat ons God uit vrees moet dien nie, maar ons moet besef in watter **ernstige lig** God sonde sien. Golgota is daarvan die bewys.

Wie se oë so vir die sonde geopen is, sal nie meer grappe maak daaroor nie!

4. WAAROM HY MENSE MOET OORTUIG

Waarom is dit **so n**b dat elke mens op hierdie punt moet kom? Waarom is dit so nodig om oortuig te wees van sonde, nie maar net van sonde in die algemeen nie, maar van myne **persoonlik**?

Omdat dit die **eerste tree** is na die verlossing daarvan!
In Sondag 1 van **die HK** word die vraag gestel **hoeveel dinge** vir 'n mens nodig is om te weet om gelukkig te lewe en te sterwe. Die eerste wat genoem word, is dat 'n mens moet weet *hoe groot jou sonde en ellende is*, maw jy moet weet dat jou sonde **so groot** is dat jy jouself nie kan red nie. Jy moet daar kom waar jy besef jou saak is **so hopeloos** dat jy besef dat as jy nie hulp kry nie, is jy verlore.
Dis **nie lekker** om tot hierdie besef te kom nie, maar ons kan die HG nooit **dankbaar genoeg** wees wanneer Hy ons daartoe oortuig het nie.

**Gelukkig laat Hy ons** ook nie daarby, in ons sonde en ellende nie. Hy wil ons nie ontmoedig nie. Toe Hy vir **Petrus op Pinksterdag** gebruik het om die mense onder die besef van hul sonde te bring en hulle gevra het: *"Wat moet ons doen broers?"* het Hy hulle die **weg tot redding** verduidelik. Dit is die **tweede ding** wat vlgs die Ktgsms nodig is en waarmee die HG ons ook help: *Hoe om van al my sonde en ellende verlos te word.*
Het u opgelet: Hier word eintlik van **net een sonde** gepraat: *"Die wrld is skuldig aan sonde, want die wrld glo nie in My nie…"* (:9) Die MOEDER van alle sondes is om NIE te glo in Jesus nie. Al die ander goed wat ons ook sonde noem, is maar die **simptome** hiervan. Adak kan jy 'n **fantastiese lewe** lei, maar solank jy nie in Jesus glo nie, is jy nog altyd in jou ellende, is jy nog altyd verlore.
**Daarom doen ons sendingwerk** onder mense soos die Moslems en Jode en Hindoes en die aanhangers van die Afrika godsdienste. Dis nie omdat hulle sulke *slegte mense* is of omdat hulle *nie godsdienstig* is nie, inteendeel. Maar dis omdat hulle **nie in die HJ glo** as hul enigste Verlosser en Here nie.
Dit **help nie om my te bekeer** van drank of diefstal of losbandigheid sonder om in Jesus te glo nie. Solank as wat 'n mens nie in Jesus glo nie, is jy verlore, *is alles wat jy doen dus eintlik sonde*. **Jy leef in die verwerping** van God se Seun, van sy grootste liefdesbewys, van die kosbaarste geskenk wat Hy jou kon gee. (Lina Spies oor Angus Buchan)

SLOT: Sr en br, ons kry daagliks met die **simptome** van ongeloof te doen. Dit ontstel ons baie. (Woensdagaand weer besef) Laat ons nie net die simptome probeer bestry nie. Die **wortel** daarvan is 'n gebroke verhouding met God.
**Bid** die HG dat Hy mense **sal oortuig** van sonde en dat Jesus hul enigste hoop op redding is en **stel jouself beskikbaar** om in die proses deur Hom gebruik te word.

Amen.

VRAE VIR BESPREKING

1. Wat was vir jou die uitstaande gedagte?
2. Wie is die Heilige Gees vir jou op hierdie stadium as jy een van die baie name (Afr of Eng) vir Hom moet kies?
3. Stem jy saam dat sendingwerk onder Jode en Moslems gedoen moet word?
4. Baie mense klink ontsteld oor toestande in die wêreld en in ons omgewing. Tog was die Pinksterbywoning waar saam daarvoor gebid kon word, swak soos gewoonlik. Hoe moet ons dit verklaar?
5. Hou jy ook daarvan dat 'n preek jou skuldig laat voel?
6. Hoe het hierdie preek jou laat voel?
7. Is daar iets wat jy na aanleiding daarvan wil doen?